

Moet geld belangriker wees as regverdigheid?

19/11/77

PROF. R. P. BOTHA, Jonkershoekweg 95, Stellenbosch, skryf:

In sy brief van 17 November in Die Burger oefen prof. S. J. Terreblanche kritiek uit op twee briewe van prof. J. J. Degenaar in hierdie blad. Met prof. Terreblanche se brief het ek twee basiese probleme.

Die eerste betref die vaagheid van die saaklike kant van prof. Terreblanche se brief. Die kernpunt van hierdie saaklike kant stel prof. Terreblanche in die vorm van 'n retoriese vraag: „Weet prof. Degenaar wat die staatsfinansiële implikasies van volwaardige burgerskap is in 'n land met 'n dualistiese ekonomiese struktuur soos ons s'n?”

Hierdie kernpunt lig prof. Terreblanche as volg toe: „As lid van die Theron-kommissie het ek my in die besonder daarvoor beywer om die proses wat uiteindelik op volwaardige burgerskap vir die Kleurlinge moet uitloop, te versnel ter wille van groter regverdigheid. As ekonoom is ek egter daarvan bewus dat die staatsfinansiële implikasies van volwaardige burgerskap so verreikend is en dat die bykomende belastinglas wat dit onmiddellik sou verg so groot is dat elke poging om dit oornag of te vinnig te bewerkstellig, eenvoudig groot ekonomiese ontwrigting in die moderne sektor van die ekonomie sou veroorsaak.”

MEER AS VAAG

Ek vind dat prof. Terreblanche se betoog in terme van die begrip „staatsfinansiële implikasies van volwaardige burgerskap” sowel in 'n algemene as 'n spesifieke opsig meer as vaag is.

Wat die algemene opsig betref: gee prof. Terreblanche te kenne dat 'n rassebeleid wat in die alledaagse lewe diskriminerend, vernederend en (soos hyself toegee) onregverdig is in die belang van iemand (die blanke?) se geldelike gewin, langer gehandhaaf kan word? Kortom: Hoe lank nog moet geld belangriker as regverdigheid wees? Dan nog: gee prof. Terreblanche te kenne dat die basiese rede vir die Nasionale Party se verwerping van die Theron-kommissie se aanbevelinge oor burgerregte vir die Kleurlinge 'n finansiële rede is?

BELASTINGLAS

Wat die spesifieke opsig betref: presies wat, in syfers uitgedruk, is die „staatsfinansiële implikasies van volwaardige burgerskap?” Wat sal die „bykomende belastinglas” van „volwaardige burgerskap” wees vir 'n blanke wat, sê maar, 'n bruto inkomste van R10 000 per jaar het?

En: indien prof. Terreblanche hierdie bedrae kan versterk, hoe maak hy sy somme? Hoeveel sal dit die belastingbetaler kos om, byvoorbeeld, die Wet op Gemengde Huwelike afgeskaf te kry? (Hoeveel het die afskaf van 'n soortgelyke wet die blankes van Suidwes gekos?)

Hoe bring prof. Terreblanche in sy somme die volgende in berekening: die koste van die apartheidsbeleid met betrekking tot die duplikasie van parlemente en ander geriewe; die koste

van die apartheidsbeleid met betrekking tot die bestryding van binnelandse oproer en die skade op sowel kort as lang termyn wat daardeur veroorsaak word; die koste van die apartheidsbeleid met betrekking tot grensoorloë; die koste van die apartheidsbeleid met betrekking tot eventuele ekonomiese sanksies; ens.?

INHOUDLOOS

Sonder besonderhede soos dié waarom hierbo gevra word, is prof. Terreblanche se betoog gewoon inhoudloos, en maak hy hom skuldig aan die dinge waaroor hy prof. Degenaar verwy. Uit sy brief is dit onduidelik dat sy kennis van die betrokke „staatsfinansiële implikasies” meer as dié van prof. Degenaar is.

My tweede basiese probleem met prof. Terreblanche se brief betref die nie-saaklike kant daarvan. Prof. Terreblanche sê „dit is baie jammer” dat prof. Degenaar se „ingesteldheid” onder meer die „moontlikheid vir gesamentlike besinning” afsny. Maar in sy brief slinger prof. Terreblanche 'n verskeidenheid van geëmisioneerde beskuldiginge in die rigting van prof. Degenaar. So verwyt hy prof. Degenaar van 'n „ontwykende en niksseggende geskarrel”; van „'n bietjie goedkoop politieke propaganda aan die voorraad van die verkiesing”; dat hy „so 'n hoë morele toon aanslaan”; ens.

Dit ontgaan my hoe daar gesamentlike besinning sou kan plaasvind as een van die gespreksgenote hom van sulke onsaaklike formuleringe dien. Die saaklikheid en redelikheid van prof. Degenaar se styl van betoog kontrasteer gunstig met dié van prof. Terreblanche.

BRIEWEBUS

J.M. in K.: Te persoonlik.

W. J. v.d. B. op A.: Skryf liewer aan 'n kerkblad.

M. T. C. in P.: Liewer nie.

Moet geld belangriker wees as regverdigheid?

19/11/77

PROF. R. P. BOTHA, Jonkershoekweg 95, Stellenbosch, skryf:

In sy brief van 17 November in Die Burger oefen prof. S. J. Terreblanche kritiek uit op twee briewe van prof. J. J. Degenaar in hierdie blad. Met prof. Terreblanche se brief het ek twee basiese probleme.

Die eerste betref die vaagheid van die saaklike kant van prof. Terreblanche se brief. Die kernpunt van hierdie saaklike kant stel prof. Terreblanche in die vorm van 'n retoriese vraag: „Weet prof. Degenaar wat die staatsfinansiële implikasies van volwaardige burgerskap is in 'n land met 'n dualistiese ekonomiese struktuur soos ons s'n?”

Hierdie kernpunt lig prof. Terreblanche as volg toe: „As lid van die Theron-kommissie het ek my in die besonder daarvoor beywer om die proses wat uiteindelik op volwaardige burgerskap vir die Kleurlinge moet uitloop, te versnel ter wille van groter regverdigheid. As ekonoom is ek egter daarvan bewus dat die staatsfinansiële implikasies van volwaardige burgerskap so verreikend is en dat die bykomende belastinglas wat dit onmiddellik sou verg so groot is dat elke poging om dit oornag of te vinnig te bewerkstellig, eenvoudig groot ekonomiese ontwrigting in die moderne sektor van die ekonomie sou veroorsaak.”

MEER AS VAAG

Ek vind dat prof. Terreblanche se betoog in terme van die begrip „staatsfinansiële implikasies van volwaardige burgerskap” sowel in 'n algemene as 'n spesifieke opsig meer as vaag is.

Wat die algemene opsig betref: gee prof. Terreblanche te kenne dat 'n rassebeleid wat in die alledaagse lewe diskriminerend, vernederend en (soos hyself toegee) onregverdig is in die belang van iemand (die blanke?) se geldelike gewin, langer gehandhaaf kan word? Kortom: Hoe lank nog moet geld belangriker as regverdigheid wees? Dan nog: gee prof. Terreblanche te kenne dat die basiese rede vir die Nasionale Party se verwerping van die Theron-kommissie se aanbevelinge oor burgerregte vir die Kleurlinge 'n finansiële rede is?

BELASTINGLAS

Wat die spesifieke opsig betref: presies wat, in syfers uitgedruk, is die „staatsfinansiële implikasies van volwaardige burgerskap?” Wat sal die „bykomende belastinglas” van „volwaardige burgerskap” wees vir 'n blanke wat, sê maar, 'n bruto inkomste van R10 000 per jaar het?

En: indien prof. Terreblanche hierdie bedrae kan versterk, hoe maak hy sy somme? Hoeveel sal dit die belastingbetaler kos om, byvoorbeeld, die Wet op Gemengde Huwelike afgeskaf te kry? (Hoeveel het die afskaf van 'n soortgelyke wet die blankes van Suidwes gekos?)

Hoe bring prof. Terreblanche in sy somme die volgende in berekening: die koste van die apartheidsbeleid met betrekking tot die duplikasie van parlements en ander geriewe; die koste

van die apartheidsbeleid met betrekking tot die bestryding van binnelandse oproer en die skade op sowel kort as lang termyn wat daardeur veroorsaak word; die koste van die apartheidsbeleid met betrekking tot grensoorloë; die koste van die apartheidsbeleid met betrekking tot eventuele ekonomiese sanksies; ens.?

INHOUDLOOS

Sonder besonderhede soos dié waarom hierbo gevra word, is prof. Terreblanche se betoog gewoon inhoudloos, en maak hy hom skuldig aan die dinge waarvoor hy prof. Degenaar verwyrt. Uit sy brief is dit onduidelik dat sy kennis van die betrokke „staatsfinansiële implikasies” meer as dié van prof. Degenaar is.

My tweede basiese probleem met prof. Terreblanche se brief betref die nie-saaklike kant daarvan. Prof. Terreblanche sê „dit is baie jammer” dat prof. Degenaar se „ingesteldheid” onder meer die „moontlikheid vir gesamentlike besinning” afsny. Maar in sy brief slinger prof. Terreblanche 'n verskeidenheid van geëmosioneerde beskuldigings in die rigting van prof. Degenaar. So verwyrt hy prof. Degenaar van 'n „ontwykende en niksseggende geskarrel”; van „'n bietjie goedkoop politieke propaganda aan die vooraand van die verkiesing”; dat hy „so 'n hoë morele toon aanslaan”; ens.

Dit ontgaan my hoe daar gesamentlike besinning sou kan plaasvind as een van die gespreksnotasie hom van sulke onsaaklike formuleringe dien. Die saaklikheid en redelikheid van prof. Degenaar se styl van betoog kontrasteer gunstig met dié van prof. Terreblanche.

BRIEWEBUS

J.M. in K.: Te persoonlik.

W. J. v.d. B. op A.: Skryf hiewer aan 'n kerkblad.

M. T. C. in P.: Liewer nie.